HILLCREST HIGH SCHOOL

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

JUNIE 2019

EKSAMEN

GRAAD 9

PUNTE : 120

TYD: 2 UUR

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings :

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | BEGRIPSTOETSE | (40) |
| AFDELING B: | TAALWERK | (80) |

3. Jy moet AL die vrae beantwoord.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Nommer jou antwoorde soos dit op die vraestel genommer is.

6. Skryf netjies en leesbaar.

7. Let op hoeveel punte elke vraag tel en beantwoord dan jou vrae daarvolgens.

*STERKTE!!!*

AFDELING A : BEGRIPSTOETSE

Lees deur die begripstoets en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

VRAAG 1

TEKS A: Internetartikel

Lees die artikel en beantwoord die vrae.

## Maniere om gesond te wees

1 WIE wil siek wees? Mense wil nie graag siek wees nie. Dit is nie lekker nie. Dit kos ook baie geld, want medisyne is duur. Die gevolge van siekte is dat jy nie werk of skool toe kan gaan nie. Jy kan ook nie geld kry om vir jou familie te sorg nie.

2 Daar is baie wat jy kan doen om te keer dat jy siek word.

3 Was jou hande gereeld. Dit is een van die beste maniere om te keer dat jy siek word en dat siektes versprei. Jy moet jou hande soos volg was:

- Maak jou hande nat in skoon water en smeer seep aan.
- Vryf jou hande goed.
- Spoel dit af.
- Maak dit droog met 'n skoon handdoek.

4 Goeie higiëne kan ook keer dat siektes versprei. Longontsteking en diarree lei elke jaar tot die dood van tweemiljoen kinders onder die ouderdom van vyf. Die verspreiding van die siekte, Ebola, kan gekeer word deur die was van hande.

5 Drink skoon water. Die water waarmee jy jou tande borsel, kos kook en skottelgoed was, moet skoon wees. As dit vir jou lyk of die water vuil is, is dit goed om dit te kook. Gewone bleikmiddel soos *Jik* kan ook water skoonmaak. Gooi twee druppels bleikmiddel by een liter water. Meng dit goed en laat die water 30 minute lank staan voordat jy dit gebruik.

6 Bêre skoon water in skoon houers met deksels. Maak seker dat die koppie waarmee jy water skep altyd skoon is.

7 Wanneer jy gesonde kos eet, sal jy gesond wees. 'n Mens moet nooit te veel sout, suiker of vet eet nie. Eet altyd vrugte en groente. Jy moet

**elke dag vleis en hoender eet. Dit is ook gesond om vis te eet. As jy te veel suiker en vet eet, sal jy vet word. Drink eerder water as gaskoeldrank.**

8 **Eet jou kos, maar moenie aanhou eet wanneer jy nie meer honger is nie.**

**(Verwerk vanaf Internet)**

Vrae:

1.1 Wie, sê die artikel, wil nie siek wees nie? Haal EEN woord aan as antwoord. (1)

1.2 Gee DRIE redes waarom mense nie siek wil wees nie. (3)

1.3 Noem TWEE gevolge wat siektes vir jou kan inhou. (2)

1.4 Om watter rede kan jy nie vir jou familie sorg as jy siek is nie? (1)

1.5 Waarom is die volgende stelling WAAR? Haal uit die stuk aan om dit te bewys.

**Hande was keer dat jy verkoue kry.** (1)

1.6 Skryf die volgende sinne oor in die korrekte volgorde volgens die teks.

- Jy moet jou hande afspoel.
- Jy moet met skoon water jou hande natmaak en seep aansmeer.
- Gebruik 'n skoon handdoek om jou hande mee af te droog.
- Vryf die seep goed in jou hande in. (4)

1.7 Watter TWEE opeenvolgende woorde in paragraaf 4 sê vir ons wat kan voorkom dat siektes versprei? (1)

1.8 Noem die TWEE siektes wat elke jaar tweemiljoen kinders onder die ouderdom van vyf se lewens opeis. (2)

1.9 Kies die korrekte antwoord tussen hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

**Die verspreiding van die siekte (Longontsteking/Ebola) word gekeer as jy jou hande was.** (1)

1.10 Verduidelik in watter tipe water jy jou kos moet kook. (1)

1.11 Watter TWEE dinge kan jy doen as jou water vuil is? (2)

1.12 Pas die woorde in KOLOM B by die stellings in KOLOM A. Skryf net die nommer en die letter neer, bv. 1.12.1 A.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.12.1 Gebruik seep hiervoor. | A. Skep skoon water. |
| 1.12.2 Gebruik *Jik* hiervoor. | B. Drink skoon water. |
| 1.12.3 Gebruik skoon houers hiervoor. | C. Was jou hande. |
| 1.12.4 Gebruik 'n skoon koppie hiervoor. | D. Maak die water skoon. |
| | E. Hou skoon water hierin. |

(4)

1.13 As 'n mens twee liter water het, hoeveel bleikmiddel MOET jy dan daarin gooi? (1)

1.14 Noem drie dinge, volgens die stuk, wat jou vet of ongesond kan maak. (3)

1.15 Noem drie dinge, volgens die stuk, wat jy elke dag behoort te eet. (3)


1.16 Verduidelik wat met jou sal gebeur as jy te veel vet of suiker inneem. (1)

1.17 Wat is baie goeie raad om te onthou wanneer jy eet? (1)

[32]

TEKS B: WETTIGE OUDERDOM VIR ALKOHOLGEBRUIK

**Bestudeer die inligting hieronder en beantwoord die vrae wat volg.**




1.18 In watter land mag kinders op die ouderdom van vyf jaar oud, alkohol drink? (1)

1.19 Hoe oud moet jy wees om wettiglik in sommige state van Indië alkohol te gebruik? (1)

1.20 In watter drie lande mag kinders van enige ouderdom alkohol onder 'n volwassene se toesig drink? (3)

1.21 Noem die twee tipes drank wat sestien-jariges in Oostenryk mag drink. (2)

1.22 Wie het hierdie statistieke aan ons voorsien? (1)

[8]

TOTAAL AFDELING A: 40 PUNTE

AFDELING B: TAALWERK

A. SINSTRUKTURE

VRAAG 1: STROKIESPRENT

- **Die volgende vrae is op die prentjie gebaseer.**
- **Voer al die instruksies uit.**

TEKS C




**1.1** Skryf die volgende sinne oor in die korrekte ***WOORDORDE***

1.1.1 Die man (elke dag, sy oliebol, eet, op pad werk toe.) (1)

1.1.2 Die blinde muise (met 'n loopstok, het, gevolg, almal.) (1)

1.1.3 ET (die kragpunt, vind, sal, binne minute, teen die muur.) (1)

**1.2** Skryf die volgende sinne oor in die ***VERLEDE TYD.***

1.2.1 Die man het 'n teddiebeer in sy hand. (1)

1.2.2 Die mense wil nie sonder krag wees nie. (1)

1.2.3 Almal loop vandag werk toe. (1)

1.2.4 Hulle staan en kyk na die probleem. (1)

1.2.5 Daar is 'n man op 'n motorfiets. (1)

1.2.6 Die man skryf en eet by die kragpunt. (1)

1.2.7 ESKOM bederf almal se dag. (1)

**1.3** Skryf die volgende sinne oor in die ***ONTKENNING***.

1.3.1 Homer stap saam met sy maats werk toe. (1)

1.3.2 Daar is nog genoeg krag vir een dag. (1)

1.3.3 Iemand het per ongeluk die krag afgesit. (1)

1.3.4 Die muis het iets in sy hand. (1)

1.3.5 ET het al die probleem gevind. (1)

**1.4** Skryf die volgende sinne oor in die ***TOEKOMENDE TYD***.

1.4.1 Daar is 'n bababottel in die gereedskapkissie. (1)

1.4.2 Die arm hou die knyperbord onderstebo. (1)

1.4.3 Mr Bean het 'n groot glimlag op sy gesig. (1)

1.4.4 Almal is oppad werk toe. (1)

1.4.5 Hy bestuur die motorfiets met toe oë. (1)

**1.5** Skryf die volgende sinne oor in die ***LYDENDE VORM***.

1.5.1 Die mense besoek die kragstasie. (1)

1.5.2 Homer sal die oliebol op pad werk toe eet. (1)

1.5.3 ET het die probleem teen die muur gevind. (1)

1.5.4 Mr Bean dra die beertjie in sy hand. (1)

1.5.5 Die man op die motorfiets het 'n groot hoed gedra. (1)

**1.6** Skryf die volgende sinne in die ***INDIREKTE REDE*** oor.

1.6.1 Homer sê: "Ek is nog honger." (1)

1.6.2 Die een muis vra: "Brand die ligte al?" (1)

1.6.3 ET sê: "Ons werk aan die probleem." (1)

1.6.4 Die Minnion vra: "Het die masjien gebreek?" (1)

1.6.5 Mr Bean sê: "Die probleem word nog opgelos." (1)

**1.7** Verbind die volgende sinne met die ***VOEGWOORD*** in hakies. Skryf die sinne oor.

1.7.1 ET vind die probleem. Die res van die groep is nie opgewonde nie. (maar) (1)

1.7.2 Almal is ongelukkig. Die elektrisiteit is alweer af. (omdat) (1)

1.7.3 Homer eet eers. Hy doen sy werk. (voordat) (1)

1.7.4 Die muise is blind. Hulle doen hulle werk. (tog) (1)

1.7.5 Die elektrisiteit werk weer. Almal is opgewonde. (daarom) (1)


[35]

B. WOORDSTRUKTURE

VRAAG 2: SPORTFOTO'S

- **Die volgende vrae is op die foto's gebaseer.**
- **Voer al die instruksies uit.**

TEKS D





(Verkry vanaf Internet)

**2.1** Vul die korrekte ***VOORNAAMWOORDE*** in. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.1.1 Die man hardloop met die bal in ____ hand. (1)

### 2.5 *AFKORTINGS*

2.5.1 Gee die korrekte ***AFKORTINGS*** van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

i. Ons eet lekkers (in plaas van) kos as ons by die rugby is. (1)

ii. Ons span het (verlede) week gewen. (1)

iii. Die rugbystadion is op die (hoek van) Smith- en Wesstraat. (1)

2.5.2 Skryf die ***AFKORTINGS*** in hakies volledig neer. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

i. Die (kapt.) van die een span het sy been beseer. (1)

ii. Ek is seker die span sal (vlg.) week beter doen. (1)

iii. Die Sharks het die meeste punte, (m.a.w.) hulle is die wenspan. (1)

### 2.6 Gee die *MEERVOUD* van die woorde in hakies. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

2.6.1 Albei my (ouma) is gek oor rugby. (1)

2.6.2 Die een speler se twee (oog) was toegeswel na die wedstryd. (1)

2.6.3 Die beseerde speler kon vir twee (naweek) nie speel nie. (1)

2.6.4 Die spelers rus gewoonlik 'n paar (dag) na die wedstryd. (1)

2.6.5 My broer en sy maats verkies egter om op hulle (branderplank) te gaan ry. (1)

2.6.6 Al die (kleinkind) in ons familie speel rugby. (1)

2.6.7 Daar was baie (gesin) by die wedstryd. (1)

### 2.7 Kies *SPORTNAME* uit die woordblok. Skryf net die nommer en die antwoord neer.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| rekenaarspeletjie | boks | ~~skaats~~plank | branderplank | |
| stoei | krieketkolf | tennisraket | kano | fiets |

2.7.1 Jannie skaats graag op sy ____. (1)

2.7.2 Freddie gaan naweke strand toe en ry die golwe op sy ____. (1)

2.7.3 My broer slaan 'n ses met sy ____. (1)

2.7.4 Ek en my broer speel 'n ____ op sy rekenaar. (1)

**2.8** Voltooi die sinne deur die korrekte ***VOORSETSELS*** in te vul. Skryf die nommer en die antwoord neer.

2.8.1 Die kinders loop ____ voet rugby toe. (1)

2.8.2 Die wedstryd begin ____ drie-uur. (1)

2.8.3 Ek is baie lief ____ sport. (1)

2.8.4 Die gesin ry ____ motor na die rubystadion. (1)

2.8.5 Ek is kwaad ____ my span wat verloor het. (1)

2.8.6 In die aand sit ons ____ tafel en bespreek die wedstryd. (1)

**2.9** Vul die korrekte ***VRAAGWOORDE*** in die oop spasies in. Die antwoorde word gegee om jou te help. Skryf net die nommer en antwoord neer.

2.9.1 ____ kom die een rugbyspan? Van Argentina. (1)

2.9.2 ____ druk die eerste drie? Die Sharks. (1)

2.9.3 ____ huil die toeskouers? Hulle span het verloor. (1)

2.9.4 ____ doen die een vrou? Sy brei 'n trui. (1)

2.9.5 ____ gaan die Sharks weer speel? Volgende Saterdag. (1)

[45]

TOTAAL AFDELING B: 80 PUNTE

GROOTTOTAAL: 120 PUNTE

1.10 Verduidelik in

1.11 Watter TWEE

1.12 Pas die woorde
nommer en die

| KOL |
| --- |
| 1.12.1 Gebrui |